

DIE SKIETLOOD



1. Is jy 'n knoopsgat vir die leuen? Wanneer woorde tot 'n leuen aanmekaar geknoop word.


Die oumense het gesê: "Al loop 'n leuen nog so snel, die waarheid agterhaal hom wel." Van leuenprofete het elkeen van ons ervaring, al leer die negende gebod ons anders en verwag ons van ons christenbroers en -susters om anders op te tree. Dit is hartseer, maar ook insiggewend dat geknoopte stories die lig sien wanneer mense poog om hul medebroers en -susters wat steedsHervormers goedgesind is, in die persoon aan te val, eerder as hul teologie. Hierdie geknoopte omgaan met die waarheid dui op *male fidei* optrede en mense moet tog onthou om seker te maak van hul feite, voordat 'n storie in 'n geknoopte goggaweb ontaard. Daar sal immers van elkeen rekenskap geëis word. Een so 'n kwaadwillige aanmekaar-geknoopte looplegende wat sy leuen-gesig op verskeie maniere uitsteek, is dat daar tydens een van die steedsHervormer vergaderings gesê sou wees dat swartmense op bakkies na kerke aangery sou word. Hierdie gerug is,

afhangende van in watter deel van die land dit uitgeskal word, al aan 3 verskillende leiers in die sH bestuur toegedig. sH se voorsitter is selfs in besit van 'n opname waar 'n predikant sy ouderlinge teen die steedsHervormers waarsku en hierdie leuen as waarheid oorvertel. Gevolglik is daar na die verskillende opnames van die byeenkomste geluister. Dit is nooit gesê nie. Wat wel tydens een van die byeenkomste deur 'n predikant kwytgeraak is en wat beslis ook nie goed ontvang is nie (*dit was een van die min kere wat dit vir iemand nodig was om op te staan en kapsie aan te teken. Die voorsitter het dit ook dadelik aangespreek*), is die volgende en ek haal aan "*(dat) ek voor in die bakkie ry en my swartes sit agterop.*" Hierdie sou die enigste oorsprong van die verfoeilike leuen kon wees. Sou jy skuldig wees aan die verspreiding van hierdie leuen, vra jouself af of jy met die persoon wat valslik aan hierdie leuen geknoop word gepraat het, het jy hom of haar gevra of dit so is voordat jy dit oorvertel het, of verknoop jy jouself ook deur eie keuse in hierdie leuenagtige daad? ,

2. 'n Sagte antwoord keer die grimmigheid weg, 'n kerie wat stamp, maak die water bitter.

Nog 'n duiwelsknoop wat ter lig gekom het, is dat daar vertel word dat 'n hand van vriendskap weggeklap is. Wanneer dit die tema van huisbesoeke word, moet predikante (in een spesifieke geval nog 'n baie jonge) liever meer tyd in hul studeerkamers spandeer en hul knoopsgate toehou. Selfs Moses is aangesê om met die rots te praat sodat daar sagte water kon voortvloei. Hy het verkies om met 'n kerie die praatwerk te doen. Tydens die AKV sal elkeen seker die bitter smaak in hul mond onthou na aanleiding van 'n vorige voorsitter se persoonlike aanvalle op 'n predikant in stede van die saak ter sprake. Ook dat hy hard met sy kerie op die grond gestamp het. Die huidige voorsitter het sy gedrag (wangedrag?) flouweg aangespreek, *eers nadat hy daaraan herinner is dat dit sy verantwoordelikheid as voorsitter is om dit te doen.* (Hierdie gebeure is op band beskikbaar.) Tydens 'n daaropvolgende teepouse het die twee predikante oogkontak gemaak, waarop die ouer persoon opgemerk het dat hulle moet praat. Die jonger predikant het geantwoord dat dit goed sal wees; aangesien hy

op daardie stadium al sy respek vir hom verloor het. Die ouer predikant antwoord toe dat hy ook sy respek vir die jonger predikant verloor het. Dit was die einde van die gesprek en niks is ooit weer daarna gesê nie. Word 'n hand van vriendskap



uitgesteek met 'n kerie wat stamp? Dalk moes daar in die kerk meer gepraat en minder met keries op rotse gestamp

word. Sodoende sou die kerk soeter water hê waarvan almal wil drink.